# HOOFSTUK 2

# GESONDE KLASKLIMAAT

## 2.1 INLEIDING

In die navorsing wat handel oor die faktore in die klassituasie wat werkstres by die onderwysers veroorsaak, moet daar gekyk word na hoe 'n klassituasie met 'n gesonde klasklimaat lyk, en watter faktore 'n bydrae lewer tot 'n gesonde klasklimaat. Dit is egter belangrik om te weet waar die skool – en klassituasie in die samelewing inpas, en oor watter eienskappe die skool of klassituasie moet beskik sodat dit tot 'n gesonde klasklimaat kan lei.

Die skool beklee binne die samelewingsverbande in die sosiale konteks, 'n posisie waar die verskillende vlakke van die leerproses 'n rol speel. Die klaskamer op sy beurt is 'n subsisteem van die skool en is met ander woorde ook deel van die sosiale konteks.

Die skool is deel van die sosiale konteks en dit het tot gevolg dat daar verskillende onsigbare kragte is wat die klaskamersituasie beïnvloed. Die norme en waardes wat in die gesin en deur die portuurgroep aangeleer is, word byvoorbeeld in die klaskamer gereflekteer (Siann & Ugwuegbu, 1980). Die gevolg is dat daar 'n interaksie is tussen die klaskameromgewing, die leerders, gemeenskap en die sosiale sisteem (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:111). Die klaskamer is 'n mikrokosmos of klein-skaal-refleksie van die samelewing.

Die samelewing bestaan uit verskillende kulture en die kultuur van die skool word bepaal deur die kultuur van die klaskamer, maar ook deur die waardes, norme, patrone en tradisies wat gereflekteer word deur die manier waarop dinge in die klas gebeur en gedoen word. Die kultuur van die klaskamer beïnvloed alle aspekte van die klaskamerlewe, soos die ontwikkeling van die klaskamerlewe en het ook 'n fundamentele impak op die onderrigleerproses, asook op die onderwyser en leerder se ontwikkeling (Hatte & Watkins, 1988; MacAulay, 1990 & Pielstick, 1988).

Die klaskameromgewing kan gesien word as 'n ontmoeting van gepastheid tussen die waardes en behoeftes van leerders. Daar sal egter nie een korrekte omgewing wees wat alle leerders se behoeftes pas nie, maar 'n positiewe klaskameromgewing sal die beste by alle leerders se behoeftes pas (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:112).

'n Gesonde klasklimaat is waar 'n doeltreffende leerklimaat tot stand gebring word, deur faktore soos 'n rustige stil omgewing, matige temperatuur, goeie beligting en ander fisiese faktore. Faktore soos taakgerigtheid, bereidheid tot deelname, onderlinge aanvaarding, vetroue tussen die onderwyser en die leerders, 'n goeie mate van klasbeheer (orde en dissipline) maak alles deel uit van 'n gesonde klasklimaat (Vreken, 1999:7).

Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat die klaskamer deel uitmaak van die sosiale konteks. Die leerders in die klaskamer behoort elkeen tot 'n spesifieke kultuur met hul eie norme en waardes. Daar is geen klaskamerklimaat wat alle leerders se behoeftes (waardes en norme) sal bevredig nie. Deur 'n klimaat van leer te skep – wat ook die doel van die klaskameromgewing is – en die leerklimaat te bevorder, is die enigste wyse waarop 'n positiewe klasklimaat tot stand gebring kan word.

## 2.2 FAKTORE WAT 'N BYDRAE LEWER TOT 'N GESONDE KLASKLIMAAT

Die samelewingstruktuur word as 'n belangrike faktor beskou in die kweek van 'n gesonde klasklimaat. Die staat, kerk, gesin en skool is almal samelewingsverbande wat in die samelewingstruktuur aangetref word.

'n *Samelewingsverband* kan omskryf word as 'n groep mense wat om verskillende redes bymekaar hoort. Elke mens – die kind ook – is 'n lid van al vier hierdie samelewingsverbande. Elke samelewingsverband het sy eie taak en roeping met betrekking tot die mens en kan direk in verband gebring word met die opvoedings- en onderrigproses wat binne die skool plaasvind (Rens, 1998:10).

### 2.2.1 Die staat

Die *staat* word beskou as die regering van 'n volk. Daar kan gesê word dat die begrip "staat" 'n politieke konnotasie het. Die staat word dus gesien as 'n georganiseerde, politiese gemeenskap wat sy eie beleid en optrede het (Rens, 1998:10). Die onderwyswet se doel is om 'n veilige leeromgewing vir die ontwikkeling van leerlinge te bewerkstellig. Die onderwyswet reguleer die regte en verpligtinge van die deelnemende partye (ouers, publiek, leerders, die staat as werkgewer en die georganiseerde onderwysprofessie), streef na harmonie en samewerking tussen bogenoemde partye, verskaf 'n raamwerk vir die onderwysprofessie en is verantwoordelik vir die werkstruktuur (kurrikulum) wat gevolg word (Oosthuizen, 1998:4). 'n Voorbeeld hiervan is die implementering van Kurrikulum 2005, beter bekend as uitkomsgerigte onderwys, wat op 24 Maart 1997 deur dr. Sibusiso Bengu, toe die Minister van Onderwys, aangekondig is (Steyn, Steyn & De Waal 1997:73). Die staat se bydrae tot 'n gesonde klaskamerklimaat is dat die leerders en onderwysers weet dat hulle sekere regte het en dat hulle daardeur beskerm word. Die staat bepaal ook die standaard vir effektiewe onderwys wat deur onderwysers nagekom moet word (Oosthuizen, 1998:4).

### 2.2.2 Die kerk

Die *kerk* as samelewingsverband beteken die samekoms van mense (gemeente) wat God aanbid en is die plek waar mense onderwys en opvoeding ontvang sodat hulle gelei kan word tot geloofsbelydenis en volwassenheid in die geloof. "Kerk" is afgelei van die Griekse woord "kuriake" en beteken: "Die wat aan die Here behoort" (Rens, 1998:10).

'n Kind word binne 'n sekere religie en kulturele milieu gebore wat gekarakteriseer word deur sekere waardes, norme en tradisies (Oosthuizen, 1998:168). Die basis van die kind se godsdienstige ervaringe, opvattinge, aktiwiteite en leefstyl word binne die gesin vasgelê. In die klaskamer word die leerders ten opsigte van hul geloof en godsdiens weerbaar gemaak (Pretorius, 1998:88).

### 2.2.3 Die gesin

Die *gesin* is die kleinste en intiemste samelewingsverband en word gevorm deur 'n man en sy vrou en word later aangevul deur kinders wat geskool en opgevoed moet word (Rens,1998:10). Gesinsopvoeding is die basis van alle latere opvoeding en sosiale verhoudings. Die kennismaking met 'n bepaalde kultuur vind ook in die gesin plaas. Die kind leer wat in sosiale opsig goed- en afgekeur word ten opsigte van sy gedrag, houding en opvattinge. Hy leer ook wat sy sosiale aandeel aan die lewe is en die eise wat die bepaalde kultuur aan hom stel. Die gesin word verder ook beskou as die primêre sosialiseringsagent waarbinne die kind leer wie hy is, waar hy in die lewe inpas, wat reg en verkeerd is, wat hy kan verwag in die lewe en wat van hom verwag word, die interpretasie van sekere situasies en gebeure waarmee hy gekonfronteer word en hoe om sosiaal korrek op te tree (Pretorius, 1998:42).

Die gesin het verdere funksies, soos

- die daarstelling van intieme, liefdevolle en betroubare verhoudinge;
- fisiese en materiële voorsiening en versorging ten opsigte van die lede se gesondheid en veiligheid;
- die ontwikkeling van die kinders se persoonlikheid en vermoëns;
- die begeleiding van hul gedrag, waardes en norme, in samewerking met die skool
- en om kinders die nodige ondersteuning te bied waar dit benodig mag word (Pretorius, 1998:43).

Ouers se deelname aan die opvoedingsproses lei tot 'n drastiese verbetering van die skool en klaskamerklimaat (Comer, 1986:44). Ouers se aandag, liefde en belangstelling in die aktiwiteite van die leerder, is 'n voorvereiste vir 'n gesonde klasklimaat.

### 2.2.3 Die skool

Die *skool* is die plek / gebou / inrigting waar kennis, vaardighede en insigte wat leerlinge in hul volwasse lewe benodig, onderrig word. Volgens die Grieks beteken *skool*: "place of free learning" (Rens, 1998:10).

Opvoeding en onderrig vind hier plaas in 'n dinamiese, sosiale milieu. Aspekte wat hierdeur geraak word, is onder andere die leer van kultuur en kennis, terwyl die kind ook sekere dinge leer deur waarneming, soos bv.

- hoe om te werk;
- hoe om te organiseer;
- hoe om saam met ander te werk en saam met ander te lewe;
- hoe om te ontspan (vrye tydsbenutting);
- hoe om waardes na te leef en te eerbiedig;
- hoe om met ander mee te ding;
- hoe om heterogene verhoudings aan te knoop;
- hoe om weerbaar te wees;
- en hoe om te lewe deur dit wat geleer word (Pretorius, 1998:80).

Die skool is 'n samelewingsverband en vorm deel van die sosiale sisteem. Maar die skool is ook 'n organisasie. 'n Organisasie is die raamwerk waarbinne menslike handelinge gerig en gekoördineer word, en waar 'n formele gesagstruktuur tot stand kom deur die bedrywighede van afdelings en onderafdelings te groepeer en ordelik te rangskik (Basson; Nieman & Van der Westhuizen, 1986:467).

'n Organisasie en so ook die skool en klaskamer se **formele struktuur.**
- Die *bestuursliggaam* van die skool se samestelling word verteenwoordig deur: ouers van leerders, die onderwysers, nie onderwyspersoneel van die skool, die skoolhoof en gekoöpteerde lede van die plaaslike gemeenskap. Die *bevoegdhede* van die bestuursliggaam is om die skool te bestuur en te beheer en om toe te sien dat die opdragte van die Minister van Onderwys uitgevoer word (Steyn, Steyn en De Waal, 1997:64).

Die **formele gesagstruktuur** van die skool;

- Die *hoof* van die skool (as deel van die beheerliggaam) verteenwoordig dié liggaam in die skool;
- die *adjunkhoof* is ondergeskik aan die hoof van die skool;
- die *departementshoofde* is op hul beurt weer ondergeskik aan die adjunkhoof;

- die *vakhoofde* is ondergeskik aan die departementshoofde;
- die *onderwysers* is ondergeskik aan die vakhoofde;
- en die *leerlinge* is ondergeskik aan die onderwysers.

Vir die ordelike verloop binne skoolverband moet elkeen van hierdie onderafdelings van die formele gesagstruktuur gesag oor sy eie afdeling uitoefen en het bepaalde verantwoordelikheid aanvaar wat verskil. Hierdie formele gesagstruktuur in die skool staan bekend as die lynorganisasiestruktuur en lewer 'n belangrike bydrae tot 'n gesonde klasklimaat ( Van der Westhuizen, Loots, Mentz, Oosthuizen & Theron, 1992:4).

Georganiseerdheid is 'n baie belangrike faktor vir 'n gesonde klasklimaat en sodra die skool georganiseerd is, is die onderwyser ook ten opsigte van sy of haar taak georganiseerd. Leerders weet dan presies wat van hul verwag word en so kom 'n gesonde klasklimaat tot stand. Leerders moet die skool ook beskou as 'n goeie plek waar daar aan hulle behoeftes voldoen word. 'n Suksesvolle skool is dié plek waar die meeste van die leerders glo dat hulle behoeftes bevredig sal word wanneer hulle hul werk doen. Só word leerders dus gemotiveer om aan te hou werk. Dit is derhalwe belangrik dat leerders die skool as 'n goeie ruimte moet beleef (Glasser; 1986:15). Wanneer leerders voel dat hulle behoeftes bevredig word wanneer hulle hul kant bring, glo hulle dat hulle belangrik is in oortuiging en eiewaarde (Brandt, 1988:38).

### 2.2.5 Die klaskamer

Die leerders in die klaskamer is die hart van die skool en die onderrigproses. Die klaskamer kan 'n stresvolle omgewing word met ongeveer veertig individue dag na dag in een klas. Vir die grootste deel van die dag is die onderwyser en leerders in die klaskamer en daarom is dit belangrik om die klaskamer gemaklik, aangenaam, helder en lewendig te maak om leerders te stimuleer om te leer (Cockburn, 1996:48). Dit is die onderwyser se plig om vir die leerders 'n konstruktiewe onderwysmilieu te skep wat die psigo-sosiale konteks (waarbinne leerhandelinge voltrek word) en die sosiale konteks

(interaksie tussen leerders onderling en leerder en onderwyser) insluit (Pretorius, 1998:188).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die samelewingstruktuur as 'n belangrike faktor beskou word vir die daarstelling van 'n gesonde klasklimaat. Die rede hiervoor is dat die vier samelewingsverbande, naamlik die staat, kerk, gesin en skool – wat deel uitmaak van die samelewingstruktuur – elkeen 'n bydraende faktor is tot 'n gesonde klasklimaat. Die leerders in die klaskamer is die hart van die skool, maar elkeen se agtergrond verskil ten opsigte van die kultuur waaraan hy/sy behoort, sy/haar geloofsoortuigings en die gesinsmilieu waarbinne hy/sy grootword. Daarom is dit moeilik om aan elke leerder se norme, waardes en oortuigings te voldoen. 'n Gesonde klasklimaat kan tot stand gebring word wanneer die onderwyser 'n konstruktiewe onderwysmilieu skep waarbinne leer en sosiale interaksie onder leerders plaasvind.

Waar die staat 'n invloed het op die bepaling van die kurrikulum wat gevolg word, dien die kerk as anker van die waardes en norme wat in die gesin aangeleer word en binne die klaskamer weerspieël word. Die skool en die klaskamer is die milieu waarbinne die gesonde klasklimaat gevorm word en daarom moet dit as 'n aangename plek gesien word.

## 2.3 DIE DRIE FUNDAMENTELE ASPEKTE VAN DIE KLASKAMER WAT DIE KLASKLIMAAT BEÏNVLOED

Pielstick (1988) identifiseer drie fundamentele aspekte vir die totstandkoming van 'n gesonde klasklimaat: die fisiese-, sosiale- en onderrigaspekte. Hulle word nie onafhanklik van mekaar gesien nie, omdat hul mekaar op verskillende maniere beïnvloed.

Die *fisiese aspekte* van die klaskamer is dié aspekte wat 'n invloed het op die klasklimaat en lewer 'n groot bydrae tot 'n gesonde klasklimaat. Die volgende fisiese aspekte word geïdentifiseer:

- die toestand van die geboue waarin onderrig plaasvind;
- die geraasvlak;

- ventilasie in die klaskamer;
- die beligtingsaspek;
- die temperatuur;
- versierings teen die mure;
- die klaskamergrootte en sitplekke in die klas.

*Sosiale aspekte* waarna gekyk gaan word, is

- die onderwyser-leerderverhouding;
- leerder-leerderverhouding;
- groepdinamika in die klaskamer;
- motivering as sosiale faktor en
- die multikulturaliteit in die klaskamer.

Daar sal ook in diepte gekyk word na aspekte soos: konfrontasie, vermyding, probleemoplossings, dissipline, straf, regverdigheid en warmte wat 'n groot bydrae lewer tot 'n gesonde klasklimaat. Die onderrigaspekte wat bespreek gaan word, is die onderrig-leerproses met die promovering van aktiewe eksplorasie by leerders (ontdekkende leer);

- 'n interaksie in sosiale konteks (koöperatiewe leer) asook
- verskeie onderrighandelinge - onder andere beplanning – wat belangrik is vir 'n gesonde klasklimaat (Donald, *et.al.* 1997:113).

Vervolgens word daar gekyk na hóé elkeen van hierdie drie aspekte 'n bydrae lewer tot 'n gesonde klaskamerklimaat.

### 2.3.1 Fisiese aspekte wat klasklimaat beïnvloed

#### 2.3.1.1 Geboue

'n Gesonde klasklimaat word bewerkstellig wanneer die onderrig-leerproses in geboue plaasvind waar daar genoeg ruimte is vir die aantal leerders in die klas sodat sosiale interaksie tot stand kan kom (Cockburne, 1996:50). Die mure van die klaskamer moet verkieslik solied en klankdig wees en daar moet genoeg ventilasie (vars lug) wees om 'n

klasklimaat te skep waar effektiewe leer en onderrig kan plaasvind (Donald,*et.al.* 1997:113).

#### 2.3.1.2 Geraas

Geraas kan binne en buite die klaskamer voorkom en behels aspekte soos verkeer, werkers wat besig is om verbeterings aan geboue aan te bring, en 'n harde gelag en gesels buite en selfs binne die klaskamer. Die geraas is steurend vir die onderrig en leerproses. Dit beteken nie dat leerders nie mag praat en lag as deel van 'n gesonde klasklimaat nie, maar eerder dat die geraasvlak geëvalueer moet word ten einde te bepaal of dit 'n steurende effek op leerders het of nie (Donald, *et al.* 1997:113).

#### 2.3.1.3 Beligting

Daar moet voorsiening gemaak word vir genoegsame beligting tydens die onderrigproses. Leerders moet byvoorbeeld kan sien wat voor op die skryfbord staan (Donald; *et al.* 1997:113).

#### 2.3.1.4 Temperatuur

Die temperatuur in die klaskamer speel ook 'n groot rol tydens die leerproses omdat dit die konsentrasie en deelname van leerders in die klas kan beïnvloed. Die onderwyser moet seker maak dat dit nie te warm of te koud is nie (Donald, *et.al.* 1997:113).

#### 2.3.1.5 Versierings

'n Ander belangrike aspek is die kwessie van kreatiewe uitstallings en muurversiering in die klas. Wanneer leerders deur kreatiewe werk omring word, het dit 'n ander effek op leerders as wanneer hulle net die kaal muur sonder enige versierings beleef. Twee faktore moet in ag geneem word wanneer versierings teen die mure opgesit word.

- Die ruimte en beligting moet voldoende wees. Wanneer daar van rakke gebruik gemaak word om die leerders se take uit te stal moet die ruimte wat die rakke in beslag neem in aanmerking geneem word. Dit moet nie baie van die klaskamer se ruimte in beslag neem nie.
- Tweedens is dit belangrik om die ruimte wat vir uitstallings bedoel is reg te benut. Sommige uitstallings en versierings neem meer ruimte in beslag as ander (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:114).

#### 2.3.1.6 Plasing van stoele en tafels

Om 'n gesonde klasklimaat te skep, is die plasing van die leerders se tafels en stoele baie belangrik. Die onderwyser moet in ag neem dat daar genoeg sitplek moet wees en die tipe stoele / banke moet geskik wees vir dié bepaalde klassituasie. Ook die rangskikking van die stoele en banke kan 'n effek hê op die sosiale interaksie tussen leerders onderling, tussen die leerders en die onderwyser, asook op die onderrigleerproses (MacAulay, 1990).

Daar is baie verskillende wyses waarop die rangskikking van sitplekke vir verskillende doeleindes gedoen kan word. Stoele en tafels wat in sirkels gerangskik word, vergemaklik groepwerk waar leerders direk in kontak met mekaar is. Wanneer alle stoele en tafels in een groot sirkel geplaas word, word die geleentheid geskep dat leerders en die onderwyser direk kan kommunikeer. Die rangskikking word sterk aanbeveel vir klasbesprekings. Die rangskikking van tafels en stoele in rye wat na die onderwyser heenwys, is voldoende vir die gee van verduidelikings en instruksies deur die onderwyser (MacAulay, 1990:52; Marais, 1994:35).

#### 2.3.1.7 Klasgrootte

Die klasgrootte - bedoelende die aantal leerders per klas - is beslis ter sake in die Suid-Afrikaanse skole waar klasse ongeveer uit veertig leerders bestaan. Uitermatige groot klasse, met te veel leerders en te min spasie, affekteer die sosiale interaksie en

onderrigleerproses in die klaskameromgewing. Dit wil voorkom of kleiner klasse 'n groter klaskohesie tot stand bring en dat dié leerders dan beter of die beste leer en onderrig ervaar. Groter klasse ontbreek die kohesie ervaring. Klasgrootte is dus 'n bepalende faktor vir die wyse waarop die onderrig-leerproses benader word (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:115).

Hierdie fisiese faktore dien as basis vir die daarstelling van 'n gesonde klasklimaat. 'n Positiewe ingesteld van die leerders teenoor die onderrigleerproses word tot stand gebring. Sosiale interaksie vind plaas en aspekte wat die leerders se aandag kan aflei word uitgeskakel. So word 'n omgewing geskep waarin effektiewe onderrig en leer kan plaasvind.

### 2.3.2 Sosiale faktore wat klasklimaat bepaal

Die klaskamerkultuur is 'n weerspieëling van die sosiale aspekte van die omgewing en samelewing waaruit die leerders kom. Vroeër in die inleiding (p.1) is bespreek hoe die klaskamerkultuur die norme en waardes van die skool, die gemeenskap en die sosiale sisteem reflekteer. Die skool se akademiese en sosiale tradisies, asook die bekwaamheid van die onderwysers en die leerders se persoonseienskappe, vermoëns, waardes en behoeftes speel 'n belangrike rol in die daarstel van 'n gesonde klasklimaat (Pretorius, 1998:187).

Nou volg 'n bespreking van die sosiale aspekte waaraan aandag gegee moet word in die klaskamer (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:115).

#### 2.3.2.1 Die onderwyser-leerderverhouding

Die onderwyser-leerderverhouding is die interaksie tussen die leerders en die onderwysers en dit vorm die essensie van die onderrigleersituasie (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:127). Hierdie verhouding is die belangrikste enkele faktor wat die sukses of mislukking van die onderwyser as opvoeder bepaal (Kruger, 1980:116).

Onderwysers en leerders bring hul eie persoonlikhede, talente en probleme na die klaskamer. Die leerder kom uit 'n gesinsmilieu waar die ouer-kindverhouding 'n invloed uitoefen op die ontwikkeling van die leerder se persoonlikheid en sy algemene opvoeding. Die affektiewe ingesteldheid van die ouer kan 'n positiewe of negatiewe invloed op die leerder se opvoeding hê. Daarom is dit belangrik dat die ouer aanvaar word, want dit het 'n effek op die geestesontwikkeling van die leerder, omdat die leerder met die ouer identifiseer (Kruger, 1980:114). Hierdie persoonlike aspekte beïnvloed die sosiale aard van die klaskamer, asook die onderrig-leerproses (Donald, *et.al.*, 1997:115). Dit is baie belangrik dat die klasklimaat wat geskep word, die leerders se selfbeeldvorming tot voordeel strek. Die onderwyser moet probeer om die leerder se optrede te verstaan in die lig van sy/haar besondere omstandighede (Kruger, 1980:120).

Die volgende ses aspekte is belangrik en moet in die klas deur die onderwyser bewerkstellig word :

- uitdaging aan leerders (die onderwyser moet 'n uitdaging aan die leerders stel wanneer die kans op sukses goed is);
- vryheid (om te probeer, keuses te maak, foute te maak en te misluk);
- respek (wanneer die onderwyser leerders met respek behandel, wek hy selfrespek by leerders);
- warmte ('n veilige en persoonswarme, ondersteunende leersituasie bevorder die leerprestasie en die selfbeeld van leerders);
- kontrole (dissipline en kontrole-uitoefening moet deur die leerders ervaar word as besorgdheid van die onderwyser oor die leerders se doen en late) en
- sukses (deur sukses en mislukking vorm en wysig leerlinge hul selfkonsep) (Pretorius, 1998:166).

**(i) Die onderwyser**

Die onderwyser is een van die belangrikste sosiale faktore wat 'n invloed uitoefen op 'n gesonde klasklimaat. MacAulay (1990:239) het die volgende eienskappe van onderwysers

wat tot 'n positiewe klasklimaat lei, geïdentifiseer nl: warmte, vriendelikheid, ondersteuning, goeie kommunikasievaardighede, verskaffing van positiewe terugvoer aan leerders, empatie, georganiseerdheid, in beheer wees, respek teenoor leerders, beloning van leerders vir positiewe gedrag en regverdigheid te alle tye. Aspekte soos: samewerking, 'n demokratiese gesindheid, vriendelikheid, bedagsaamheid teenoor leerders, geduld, wye belangstellings, aangename voorkoms en optrede, billikheid en onpartydigheid, 'n sin vir humor, konsekwente optrede, belangstelling in leerders se probleme, buigsaamheid, die gebruik van erkenning en lof en onderwysbekwaamheid maak die onderwyser meer aanvaarbaar vir leerders (Kruger, 1980:117).

Die onderwyser vervul 'n multidimensionele rol in die klaskamer omdat hy die rol van 'n opvoeder, 'n navorser, leier, bestuurder en ondersteuner moet vertolk. Hierdie multidimensionele rolvertolking van die ondewyser is 'n belangrike faktor vir die totstandkoming van 'n gesonde klaskamerklimaat. Vervolgens sal elke rol van die onderwyser bespreek word (Donald, *et al.* 1997:144).

(a) **Die onderwyser as opvoeder** het die verantwoordelikheid om die beste moontlike leer by die leerders te fasiliteer. Dit is 'n aktiewe rol waarin 'n verskeidenheid strategieë gebruik word om leerders te help om hul potensiaal te ontwikkel (Donald, *et al.* 1997: 127). Die onderwyser as opvoeder verteenwoordig die waardes van die gemeenskap en dien as voorbeeld daarvan. Soms moet die onderwyser ander norme en waardes as die leerder se ouers by die leerder tuisbring. Dit gebeur wanneer die ouers se opvoeding op onaanvaarbare waardes en norme gebaseer is (Kruger, 1980:119).

(b) **Die onderwyser as navorser** is 'n rol wat om tweërlei redes belangrik is: Eerstens vorm navorsing 'n essensiële deel van die onderwyser se professionele ontwikkeling sodat hy homself, die leerders en die onderrigleersituasie toenemd beter verstaan. Tweedens is dit belangrik om leerders te leer dink (as 'n wyse van navorsing). Dié navorsing behels: die bevraging van 'n gegewe situasie, sistematiese observasie, analisering en evaluering van die situasie en die herbevraagtekening van die situasie. Dit geskied wanneer die

onderwyser hulp verleen in die leerhandelinge totdat die leerder die leerinhoude bemeester het (Kruger, 1980:118).

(c) **Die onderwyser as leier** se taak is om in lyn met die doel van die onderrigleerproses rigting en voorligting aan die klas te gee deur sy professionele insig en volwassenheid. Dit moet op só 'n wyse plaasvind dat dit leerders sal lei tot eie besluitneming en so kontrole oor hul eie lewens uit te oefen. Die onderwyser tree ook as skeidsregter op wanneer 'n persoonlike geskil tussen leerders ontstaan. Die onderwyser moet die spanning verlig, byvoorbeeld by die swak presteerder en die gedragsafwykende, deur nie onredelike eise te stel nie. Leiding moet ook deur die onderwyser gegee word sodat leerders in alle opsigte hul beste kan lewer (Kruger, 1980:118).

Suksesvolle leierskap is wanneer onderwysers weet wanneer om direktief, koöperatief of delegerend op te tree of om leerders toe te laat om hul eie werk te doen. Daar is nie een korrekte manier van leiding gee nie. Die gebruik van verskillende maniere is juis nodig om so aan verskillende behoeftes te voldoen. 'n Suksesvolle leier handhaaf die balans tussen die take wat suksesvol afgehandel moet word en die bevrediging van die leerders se emosionele en sosiale behoeftes (Donald, *et.al.*, 1997:128).

(d) **Die onderwyser as bestuurder** moet 'n struktuur daarstel wat georganiseerd en ordelik is waarbinne die leerders veilig en vry voel om te leer. Die onderwyser se verantwoordelikheid is om 'n veilige, maar uitdagende omgewing te skep waar leer plaasvind. Die onderwyser moet sorg vir goeie tydsbestuur- self die administrasie van klaswerk – en in beheer van verandering en konflik wees (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:128). Die onderwyser moet die leerder se selfvetroue en selfbeeld versterk, veral nà mislukkings. Die onderwyser dien ook as beoordelaar van die kind se leerprestasie en sy persoonlikheidseienskappe (Kruger, 1980:118).

(e) **Die onderwyser as ondersteuner en voog** se plig is om 'n gesonde klaskameromgewing tot stand te bring ook vir wanneer spesiale behoeftes geïdentifiseer is. Die onderwyser behoort deur leerders as rolmodel en bron van kennis gesien te word. Hy is 'n vriend en

vertroueling van die kind omdat hulle raad en leiding nodig het. Leerders gebruik ook somtyds die onderwyser as skyf vir hulle vyandige gevoelens en aggressie wat soms elders ontstaan, byvoorbeeld by die huis (Kruger, 1980:119).

Dit is egter belangrik om bogenoemde rolle nie van mekaar te skei nie, omdat daar 'n interaksie tussen hulle is. Sodra die een rol versterk word, sal die ander rolle dus ook versterk word (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:129). Die onderwyser moet daarteen waak om nie die balans tussen die verskillende rolle te versteur nie, byvoorbeeld deur een of meer daarvan te veel te beklemtoon nie (Kruger, 1980:119).

Die vraag ontstaan egter wat die onderwyser van sy of haar beroep verwag. Die onderwyser wil leerders help om op 'n effektiewe wyse te leer en te ontwikkel sodat hulle met hulself tevrede sal voel. Onderwysers verwag nie om vir elke daad wat hulle verrig, beloon te word nie, maar wil somtyds net erkenning hê vir dit wat gedoen is. Hulle wil selfversekerd voel en optimisties bly oor die opvoedingstaak. Onderwysers wil in die klaskamer ontspanne wees en wil leer onder die leerders bevorder Hulle wil omgee sonder om te voel dat hulle misbruik word. Hulle wil verantwoordelik voel vir die opdragte wat aan hulle opgedra word, maar wil ook ondersteuning en advies vra sonder om veroordeel te word. Onderwysers verwag dat daar na hul insette geluister sal word wanneer besluite geneem word. Hulle wil ook 'n aangename atmosfeer en goeie werksverhouding tussen kollegas en leerders bewerkstellig. In sowel die klaskamer as personeelkamer wil hulle met entoesiasme hul oortuigings, norme en waardes uitleef en so hul professionele ontwikkkeling en persoonlike groei bevorder (Claxton, 1989:25).

**(ii) Die leerders**

Net soos die onderwyser, bring leerders ook hul eie persoonlikhede, talente, persoonlike probleme en ontwikkelingsmoeilikhede na die klaskamer. Die gesin en omgewing waarbinne die kind opgroei, is 'n mikrosisteem van die samelewing en word in die klaskamer gereflekteer. Elke leerder het pluspunte en swakhede wat in

die klaskamer verstaan en geakkommodeer moet word en die klasklimaat kan beïnvloed (Donald,*et al.* 1997: 119).

Die leerder bestaan uit verskillende dimensies en die klaskamer, in samewerking met die gesin, lewer 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die leerder. Dié dimensies is die

- kognitiewe (leervermoë),
- die affektiewe (ingesteldheid of motivering),
- die psigo-motoriese (vaardighede) en
- die konatiewe dimensie (wilsaspek) van leerlinge.

Die leerder ontwikkel liggaamlik, intellektueel, sosiaal, sedelik en ook ten opsigte van hul persoonlikheid. Die ontwikkelingsproses is 'n ordelike aanpassingsveranderinge wat elkeen geleidelik vanaf geboorte tot sterwe deurgaan. Dit is egter belangrik om te weet dat ontwikkeling relatief ordelik geskied en dat alle mense nie op dieselfde wyse en tot dieselfde mate ontwikkel nie (Woolfolk, 1995:25). In 'n gesonde klasklimaat help die onderwyser met die ontwikkelingsproses van die leerders.

Vervolgens sal die verskillende dimensies van die leerder se ontwrikkeling bespreek word:

**a) Kognitiewe ontwikkeling**

In skoolverband ontwikkel leerders hul kognitiewe potensiaal wanneer die geleentheid gebied word om self vrae te ontdek oor 'n sekere aspek en om probleme wetenskaplik op te los (Woolfolk, 1995:42). 'n Ander belangrike komponent van kognitiewe ontwikkeling is waar leerders basiese beginsels wat in een situasie aangeleer is, kan toepas op 'n nuwe situasie waarmee hulle gekonfronteer word. Daar word van die leerder verwag om dìt wat in die skool geleer is te onthou en te gebruik om probleme op te los (Louw, 1992:330).

Die leerproses speel ook 'n fenominale rol in die kognitiewe ontwikkeling. Kognitiewe leer behels die verkryging van kennis of begrip. Kognisies sluit in gedagtes, idees, oortuigings, begrip en kennis wat belangrik is vir die alledaagse funksionering (Louw & Edwards, 1993:271). Leer vind plaas wanneer leerders informasie ontvang, die regte hoeveelheid aanmoediging kry om meer en meer dinge op hul eie te doen (Woolfolk, 1995:48). Leer by die mens vind plaas wanneer nuwe kennis by bestaande kennis gevoeg word om sodoende bestaande idees te wysig of om nuwe idees te vorm (Kapp, 1990:415).

Die ontwikkeling van die intellek is 'n komponent van kognitiewe ontwikkeling en bestaan uit die vermoë om sekere handelinge toe te pas, soos

- die vermoë om inligting op te roep, te herken en te reproduseer (geheue);
- die bewuswording, herkenning en begrip van inligting (kognisie);
- die vermoë wat die individu in staat stel om inligting wat reeds aangeleer is vir nuwe idees of oplossings aan te wend (konvergente denke);
- die vermoë om gegewe inligting aan te wend om 'n verskeidenheid nuwe idees of oplossings van 'n probleem uit te vind (divergente denke) (Louw, 1992:9) en
- die vermoë om idees krities te evalueer of 'n besluit te neem oor die toereikendheid, korrektheid en geskiktheid van 'n bepaalde antwoord of oplossing (Louw & Edwards, 1993:339).

**b) Sosialisering**

Dit is die proses waar die volwasse lede van 'n gemeenskap, soos die ouers en die onderwysers, die gedrag van die leerders vorm om hulle in staat te stel om ten volle hul rol in die samelewing te vervul (Woolfolk, 1995:87). Meer spesifiek verkry die individu deur sosialisering kennis van reëls, houdings, oortuigings, gewoontes, waardes, rolvereistes en norme wat in sy sosiale milieu gangbaar is, en leer hy om sosiale norme vir homself te aanvaar of minstens om hulle in sy gedrag in aanmerking te neem (Louw, 1992:10).

Groepdinamika in die klaskamer is 'n belangrike wyse van sosialisering in die klaskamer. Groepdinamika is 'n term wat verwys na die interpersoonlike prosesse en interaksies wat tussen twee of meer persone plaasvind. Almal is deel van 'n groep in 'n verskeidenheid kontekste, soos die familie, portuurgroep, sportgroepe, ens. Die klaskamer is een van die belangrikste groepkontekste in die sosialiseringsproses.

Vir die onderwyser is dit belangrik om die klas suksesvol te kan bestuur wanneer groepinteraksie plaasvind. Die ontwikkeling van 'n sensitiwiteit vir wat in die groepe gebeur, stel die onderwyser in staat om belangrike sake wat aandag geniet, te identifiseer en op gepaste wyse daarmee te handel sodat dit 'n bydrae sal lewer tot 'n gesonde en positiewe klasklimaat (Donald, *et al.* 1997:117).

**c) Fisiese ontwikkeling**

Dis die verandering van die liggaam vanaf geboorte tot die dood (Woolfolk, 1995:25). Die ontwikkeling speel 'n baie belangrike rol in die klaskamer waar vaardighede soos skryf, met 'n skêr knip, inkleur, teken (fyn motoriese vaardighede) en vaardighede soos sit, kruip, hardloop, loop, gooi en vang, huppel, ens. (ruwe motoriese vaardighede) van belang is (Woolfolk, 1995:93).

**d) Persoonlikheidsontwikkeling**

Persoonlikheid is die verskillende eienskappe binne dieselfde mens wat mekaar beïnvloed en lei tot die uniekheid van elke mens (Möller, 1993: 4). Die wyse waarop 'n leerder homself beskou (selfkonsep of selfbeeld) is die uitkoms van die wyse waarop ander hom beskou. Elke individu streef daarna om hom te gedra op 'n wyse wat met sy selfinterpretasie ooreenstem. Dit kom daarop neer dat leerlinge deur hul gedrag hul selfkonsep tot uiting bring. In 'n gesonde klaskamersituasie presteer leerders met 'n positiewe selfbeeld oor die algemeen beter as leerders met 'n negatiewe selfbeeld (Pretorius, 1998:160).

Dit blyk uit bogenoemde dat die onderwyser-leerderverhouding baie belangrik is vir 'n gesonde klasklimaat omrede goeie onderwys vierkantig op hierdie verhouding steun (Ragle in Pretorius, 1988:92).

### 2.3.2.2 Die leerder-leerderverhouding

Dit is ook uiters belangrik dat 'n positiewe leerder-leerderverhouding wat uitloop op 'n ondersteunende onderlinge verhouding verwerklik moet word. Die kind se klasmaats en ander leeftydgenote in die skoolsituasie kan ook vir die individuele leerder as betekenisvolle terrein funksioneer. Sosiale ervaringe met medeleerlinge dra veel by tot die sosialisering van die kind, wat betref toeeiening van waardes, verwerwing van sosiale vaardighede, verwerkliking van sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede, die hantering van aggressie en die verwerwing van geslagsidentiteit (Pretorius, 1998:138). Gedurende die kind se skooljare speel inskakeling by, en aanvaarding deur die portuurgroep 'n belangrike rol (Kruger, 1980:120).

Saamwerkervaringe in die skool het dikwels positiewe leerder-leerderverhoudinge as uitkoms. Dit word gekenmerk deur toegeneentheid, positiewe sosiale houdinge, onderlinge besorgdheid en steun, vriendskappe, toesegging aan mekaar en die begeerte om die erkenning en agting van ander te wen. Saamwerk leerervaring skep by die leerder die warme gevoel dat ander van hom hou, hom aanvaar, vir hom omgee en hom wil help (Kruger, 1980:120). Alhoewel die portuurgroepsituasie ook 'n leersituasie is, is dit 'n speel- of ontspanningsituasie wat die leerder lei tot sosiale ontwikkeling. In hierdie situasie leer die leerder regverdigheid, mededeelsaamheid, onselfsugtigheid, takt en diplomasie aan, wat sy persoonlikheidseienskappe versterk (Kruger, 1980:121).

Die verwerkliking van positiewe leerder-leerderverhouding dra dus by tot die geluk van die leerders op die skool en dus ook tot sy geestesgesondheid (Pretorius, 1998:139).

### 2.3.2.3 Groepsdinamika in die klassituasie

Elke klassituasie is 'n sosiale opset en word deur die betrokkenes by uitstek gevoelsmatig belewe (sosiaal-affektiewe belewing). Twee verweefde aspekte kan in groepsdinamiese gebeure onderskei word, naamlik die *wyse* waarop die onderwyser met sy leerders *kommunikeer* en daardeur aan hul behoeftes voldoen en die *interaksie* wat *tussen die leerders* onderling verwerklik word.

In die groepe oefen leerders 'n affektiewe, kognitewe en normatiewe invloed op mekaar uit, wat hul houdings, waardes, strewes en sosiale gedrag beïnvloed. Onderrig en leer is by uitstek 'n sosiale gebeurtenis waarby sosiale kragte, soos interpersoonlike verhoudings, klasatmosfeer, sosiale gevoelens, vaardighede en behoeftes 'n rol speel (Pretorius, 1998:168).

Hargeaves (1975:88-89) onderskei die volgende vyf basiese eienskappe van 'n groep.

- 'n Groep is 'n meervoudigheid van persone (minstens twee persone).
- Groeplede verwerklik aangesig-tot-aangesig-verhoudinge en is bewus van hul gemeenskaplike lidmaatskap van die groep.
- Groeplede het gemeenskaplike doelstellings – dit verenig en bind die groep.
- Groeplede huldig 'n bepaalde stel norme wat die gedeelde gedragstandaarde is wat die verwagte gedrag van elke groepslid spesifiseer.
- Groeplede vorm 'n groepstruktuur. Elke individu is uniek en verskillende rolle word binne die groeplewe vervul, soos dié van 'n leier, volgeling, sondebok, nar en die gewilde groeplid.

Joubert (1988: 260-262) identifiseer die volgende eienskappe van groepe.

- Groepe word gekenmerk deur die graad van sosiale kohesie (sosiale binding).
- Eenheidspotensiaal is in alle groepe teenwoordig.
- 'n Hiërargiese struktuur van sosiale differensiasie (leiers, volgelinge) heers in alle groepe.
- Lede het dikwels self beheer oor die lidmaatskap van informele groepe.
- Groepe voorsien in die besondere behoeftes van hul lede.

- Lede van klasgroepe deel persoonlike eienskappe.
- Groepe kan soms in subgroepe verdeel word.

Wanneer daar in groepe gewerk word, is dit belangrik om te kyk na die patrone van kommunikasie, patrone van deelname, patrone van groeplidmaatskap, patrone van kohesievorming, asook die invloed van besluitnemingspatrone wat in die groep voorkom want dit alles lewer 'n bydrae tot effektiewe groepsdinamiek (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:123). In die klassituasie gaan dit om die komplekse psigososiale dinamiek van die groepslewe. Elke klasgroep ontplooi sy eie klasbeeld en -gees. As groep het hulle meer krag en invloed as die individue waaruit hulle bestaan, en die totale klasgebeure, asook die funksionering van die groep, word deur hierdie groepsdruk beïnvloed (Pretorius, 1998:166).

#### 2.3.2.4 Kommunikasie in die klaskamer

Effektiewe kommunikasie is 'n belangrike faktor vir 'n gesonde klasklimaat (Pretorius, 1998: 189). Die klaskamer is 'n unieke kommunikatiewe konteks waar leerders en die onderwyser kommunikeer. Tydens hierdie intermenslike kommunikasie is die verbale én die nieverbale boodskap van belang. Die nieverbale boodskap word gekommunikeer deur liggaamshouding, gebare, stemintonasie en gesigsuitdrukkings (Robertson, 1999:97). Kommunikasie word verwerklik, wat beteken dat persone aan mekaar se gedrag betekenis toeken (Pretorius, 1998:188).

In die kommunikasieproses sal die onderwyser wat sensitief is vir die nie-verbale kommunikasie van sy leerders ook let op sy eie nie-verbale kommunikasie. Hy kan byvoorbeeld die boodskap só oordra dat die leerder belangstellend of verveeld, vriendelik of vyandig, oplettend of onoplettend reageer. 'n Leerder kan sy boodskap nieverbaal kommunikeer deur stil te bly, oogkontak met die onderwyser te vermy, 'n slap liggaamshouding, 'n glimlag, 'n beweging met die vingers, deur naby of ver van die onderwyser te sit, deur by die venster uit te kyk of deur die onderwyser stip in die oë te kyk (Pretorius, 1998:187).

Ook die gedrag van die onderwyser lok by die leerders bepaalde reaksies uit. Hulle gee betekenis aan die onderwyser se stemtoon, kleredrag, gesigsuitdrukkings, liggaamshouding, gebare, fisiese kontak, oogbewegings, liggaamspanning, ens. (Robertson, 1999:84). Die interpretering van gedrag word kontinu voltrek wanneer mense met mekaar kommunikeer. Die onderwyser kan dus effektief kommunikeer as hy leerdergedrag interpreteer. Interpersoonlike kommunikasie is effektief wanneer die ontvanger van die boodskap dit interpreteer ooreenkomstig die wyse waarop die sender daarvan dit bedoel het. Die onderwyser moet oogkontak met elke leerder hou wat die leerders laat voel asof daar spesifiek met hom of haar gepraat word (Robertson, 1999:91).

**2.3.2.5 Samewerking, mededinging en die hantering van konflik**

Alle sosiale verhoudinge bevat momente van konflik, meningsverskille en botsende behoeftes en belange, en hierdie uitspraak geld by uitstek ook wat onderwyser-leerders en leerder-leerderverhoudinge in die klaskamer betref. Konflik ontstaan wanneer die vervulling van 'n behoefte of die bereiking van 'n doelstelling gedwarsboom word (Pretorius, 1998:208). Die wyse waarop konflik hanteer word hang af van die onderwyser se persoonlike en proffesionele ontwikkeling. Wyses van konflikhantering is: konfrontasie, vermyding, onderhandeling, probleemoplossend en inwilliging. 'n Persoon wat assertief is, neig tot wyses van onderhandeling en probleemoplossing, terwyl persone wat nie assertief is nie konflik eerder sal vermy. Verskillende benaderings word vir verskillende konfliksituasies gebruik (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:129). Tog is konflik essensieel vir leer, sosialisering en persoonsontplooiing. Konflik moet nie net as destruktief en ongewens beskou word nie – konflik voorkom stagnasie, dit kan lei tot persoonlike, organisatoriese of sosiale veranderinge. Dit beteken dalk geleentheid om te toets en te evalueer, dit kan bydra tot die selfaktualisering van die individu, ensovoorts. Konstruktiewe konflikhantering in die klaskamer is die opbou van saamwerkverhoudinge tussen die onderwyser en leerders en tussen die leerders onderling. Konflik skep

geleentheid tot betrokkenheid, kreatiwiteit, saamwerk en kommunikasie wat belangrik is vir die daarstelling van 'n gesonde klaskamerklimaat (Pretorius, 1998:208).

### 2.3.2.6 Gesag en dissipline

Gesag en dissipline is voorwaardes vir effektiewe onderrig en leer. Leerhandelinge en die gewenste leerdergedrag word bevorder as die onderwyser in beheer is. Twee belangrike fasette is leierskap en die gesagshouding van die onderwyser, hetsy dit demokraties, permissief of outokraties is. Om leiding te gee en om gesag en dissipline te handhaaf, beteken om 'n sosiale situasie te hanteer. Dissipline is 'n interpersoonlike konsep wat verwys na 'n stel reëls en norme wat aanvaarbare gedrag in die klaskamer spesifiseer. Dissipline is niks anders nie as 'n vorm van sosiale kontrole.

Goeie dissipline by leerders behels aktiewe betrokkenheid by leergebeure, aandag gee, opdragte uitvoer en gehoorsaamheid aan klasnorme deur samewerking en konsiderende gedrag. Die onderwyser wat dit kan bewerkstellig, kan dissipline in die klaskamersituasie handhaaf en so 'n gesonde klaskamerklimaat bewerkstellig (Pretorius, 1998: 218). Probleme aangaande dissipline sal altyd na vore kom in die klassituasie. Dit is egter belangrik om sulke probleme te hanteer voordat dit na vore kom. Daar is verskillende strategieë vir die voorkoming van dissiplinêre probleme. Hierdie strategieë is persoons- en omgewingsgesentreerd. Persoonsgesentreerde strategieë sluit konflikhantering, probleem-oplossing, kommunikasie, assertiwiteit en ander relevante lewensvaardighede met betrekking tot die onderwyser en leerder in. Omgewingsgesentreerde strategieë behels die ontwikkeling van 'n leeromgewing en positiewe interpersoonlike relasies gebaseer op wedersydse respek. Die onderwyser kan dissplineer deur telkens te straf of met straf te dreig, maar straf moet as die laaste uitweg gebruik word (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:131). Dissipline kan bewerkstellig word deur 'n beplande benadering wat opgestel word in samewerking met ander kollegas waarin besluit word op watter manier dissipline in die klas toegepas gaan word (Robertson, 1999:175).

#### 2.3.2.7 Motivering

Motivering is die ingesteldheid om jou te wil inspan om bepaalde doelstellinge te bereik. Motivering beïnvloed die leer en gedrag van leerlinge wat tot toereikende skoolprestasie lei. Die onderwyser se plig is nie net om leerlinge te onderrig nie, maar om leerlinge doelbewus te motiveer deur die aandag en gerigtheid van leerlinge ten opsigte van die leertaak te kry en te handhaaf. Daarby moet hy die toesegging van leerlinge verkry vir die bereiking van gestelde leerdoelstellinge, maar ook intrinsieke motivering aanwend sodat leerlinge wil leer, byvoorbeeld deur ekstrinsieke motiveringsfaktore, soos beloning deur goeie punte (Pretorius, 1998:223).

#### 2.3.2.8 Multikulturaliteit in die klaskamer

Multikulturele onderwys is waar alle leerders – manlik, vroulik, gestrem, met verskillende rasseherkomste en taaldiversiteite – die geleentheid het om in 'n skool te leer en om gerespekteer te word (Woolfolk, 1995:155). Daar word dikwels veronderstel dat multikulturele onderwys outomaties realiseer in enige onderwyssituasie waar leerlinge van verskillende etniese of kultuurgroepe saam binne 'n enkele klas- of skoolsituasie verkeer. Multikulturele onderwys impliseer 'n veelheid van kulture in die leerinhoud en nie bloot 'n veelheid van leerders uit verskillende kulture nie. Die mate waarin multikulturele onderwys in die klassituasie gaan slaag, word in 'n groot mate bepaal deur die kennis, houding, gesindheid en optrede van die onderwysers. Onderwysers is in 'n groot mate verantwoordelik vir wat en hoe kinders gaan leer. Die klaskamer is die dinamiese ontmoetingsgrond vir die onderwysers, sy leerders, die klasgroep, kulturele diversiteit en leerinhoude (Le Roux, 1997:39-43).

Die volgende belangrike aspekte moet in ag geneem word tydens multikulturele onderrig.

- *Positiewe selfidentiteit*: kennis, begrip en liefde vir die eie kultuur is 'n noodsaaklike voorvereiste vir die aanvaarding van en positiewe gesindheid teenoor ander kulture.

- *Bewustheid* van die bestaan van ander kultuurgroepe en individue moet gekweek word.
- *Sensitiwiteit*: 'n sosiale sensitiwiteit ten opsigte van interkulturele diversiteit in die samelewing moet deurgaans as uitgangspunt geld.
- *Begrip*: leerders moet aangemoedig word om andersoortige kulture as gelykwaardig te erken en te begryp ten einde wedersydse waardering en aanvaarding te kweek (Pretorius, 1998:122)
- *Interkulturele kommunikasie*: leerders moet as logiese uitkoms van bogenoemde fases tot interkulturele betrokkenheid en gesprek aangemoedig word, ten einde verskille te besleg en gemeenskaplike aspekte positief uit te bou.

Leerders behoort die volgende waardes en gesindhede weer te gee in die multikulturele klassituasie:

- erken multikulturele onderwys as volwaardige benadering;
- respekteer kultuurdiversiteit;
- toon respek vir sowel minderheidskulture as 'n nasionale kultuur;
- erken die menseregte van individue en groepe;
- streef eerlikheid, hardwerkendheid en samewerking na;
- verwerf universeel geldige waardes;
- lê beskaafdheid, sosiale sensitiwiteit en altruïsme aan die dag.

Nieto (1992:275) beklemtoon dat multikulturele onderwys slegs sal slaag indien die onderwyser die spreekwoordelike "multikulturele persoon" word. Dit impliseer die verwerwing van 'n totaal nuwe, omvattende multikulturele perspektief (Pretorius, 1998:129).

Die gevolgtrekking wat gemaak word uit hierdie afdeling is dat die klaskamerkultuur 'n refleksie is van die sosiale aspekte van die samelewing. Interpersoonlike verhoudings binne die klaskamer soos die onderwyser-leerderverhouding en die leerder-leerder-verhouding word beïnvloed deur die sosiale agtergrond van die onderwyser en leerders. Die verskillende sosiale agtergronde van die leerders – insluitende die multikulturele

aspek - en onderwyser wat saamgegroepeer word in 'n klaskamer, beïnvloed die sosiale natuur van die klaskamer.

Die onderwyser is een van die belangrikste sosiale faktore wat 'n gesonde klasklimaat tot stand kan bring. 'n Multidimensionele rol word deur die onderwyser vervul om in elke leerder se behoeftes te voorsien ten einde 'n gesonde klasklimaat tot stand te bring. Dit is egter belangrik dat die onderwyser die leerder op kognitiewe-, affektiewe-, psigo-motoriese-, en konatiewe vlakke help ontwikkel. Sosiale ontwikkeling onder leerders is dus ook van uiterste belang by die daarstelling van 'n gesonde klasklimaat.

'n Positiewe leerder-leerder verhouding lewer 'n groot bydrae tot die onderrigleerproses. Sosiale ervaringe met medeleerlinge lewer 'n bydrae tot die leerder se ervaring van sosiaal aanvaarbare norme aangaande sy/haar portuurgroep waarbinne die leerder sosiaal ontwikkel. Interaksie tussen leerders in 'n gesonde klasklimaat word bewerkstellig deur kommunikasie, groepwerk, mededinging en samewerking. Sosiale interaksie onder leerders dra by tot die persoonlikheidsontwikkeling en geestesgesondheid van elke leerder.

Gesag, dissipline, motivering en die hantering van konflik is sosiale faktore wat voorwaardes is vir die onderrig-leer en sosialiseringsproses. Dit is egter belangrik dat aspekte soos gesag, dissipline en konflikhantering in 'n gesonde klassituasie hanteer en bevorder word. Vaardighede aangaande die hantering van hierdie aspekte moet as lewensvaardighede aan die leerders gemodelleer word. Situasies moet ook geskep word waarin leerders hierdie vaardighede kan toepas.

Sosiale faktore soos die onderwyser-leerderverhouding en die leerder-leerderverhouding lewer hierin groot bydrae, voeg daarby voldoende kommunikasie, gesag en dissipline, motivering van leerders en mutlikulturele klassituasies is die vernaamste sosiale faktore wat bespreek is (Le Roux, 1997:47).

Sosiale faktore speel 'n belangrike rol in die tot standkoming van 'n gesonde klasklimaat omrede elkeen (leerder en onderwyser) oor verskillende persoonlikhede en agtergronde beskik wat verstaan en aanvaar moet word.

### 2.3.3 Onderrig-leerfaktore wat klasklimaat bepaal

Die hoofdoel van onderrig is om die leerders van die onderwyser los te maak sodat hulle onafhanklik verder in hul lewe kan leer (Woolfolk, 1995:366). Daarom is dit belangrik dat die onderrig-leerproses gestruktureerd moet wees en die materiaal wat beskikbaar is ten volle deur die onderwyser benut moet word (Pielstick, 1988).

Onderrig is die fasilitering van leer en die volgende ses aspekte moet teenwoordig wees: die onderriggewer, leerder, 'n doel, die klimaat waarbinne onderrig plaasvind, die leerinhoud en interaksie tussen die leerder en die onderriggewer. Die doel van onderrig is om leer te fasiliteer - wat hand aan hand loop met opvoeding.

Leer vind binne-in die leerders plaas en die resultaat word verkry wanneer daar 'n permanente verandering in die individu se kennis en gedrag is. Leer is die proses wat in die leerder plaasvind waardeur sy kennis uitgebrei word deur sekere denkvaardighede toe te pas. Die leer van inligting met die doel om dit te onthou is daarvan ten einde dit beter te kan weergee (Woolfolk, 1995:195).

#### 2.3.3.1 Beplanning as onderrigvaardigheid

Die verskillende onderrigvaardighede wat 'n onderwyser toepas kan 'n groot invloed uitoefen op die klasklimaat. In die eerste plek speel beplanning 'n baie belangrike rol. Tydens die beplanning word bepaal wát leerders gaan leer. Dit sluit ook in beplanning van die beskikbare tyd sodat die kurrikulummateriaal na behore in die leerlingaktiwiteite en leerderopdragte na vore kan kom. Daar is verskillende tipes beplanning: jaar-, termyn- (kwartaal-), week-, dag- en periodebeplanning (Van der Westhuizen, 1992:117). Die onderwyser moet sorg dat die beplanning aanpasbaar is en waak teen óórbeplanning.

(Woolfolk, 1995:442). 'n Ander belangrike aspek tydens beplanning is die formulering van doelwitte en uitkomste. Om dit te kan doen, moet die onderwyser oor voldoende kennis van die vak en die leerders beskik. Dié kennis begelei die onderwyser om te beplan watter onderriggeleenthede (strategieë, metodes, tegnieke en evaluering) toegepas gaan word (Tauber, 1995:230). Tydens beplanning moet die onderwyser die doelwitte van die les in gedagte hou. Dit word gedoen deur die beginsituasie te ontleed, die doelwitte te formuleer en die inhoud te selekteer en te orden (Van der Westhuizen, 1992:116).

Dit is baie belangrik dat die doelwitte op die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese domeine van die leerlinge gefokus is.
Die *kognitiewe domein* bestaan uit aspekte soos kennis (om iets te onthou sonder om dit te verander), begrip (om gekommunikeerde materiaal te verstaan sonder om dit met iets anders te verbind), toepassing (waar 'n algemene konsep gebruik word om spesifieke probleme op te los), analise (om iets in dele op te breek), sintese (deur middel van samevoeging iets nuuts te vorm) en evaluering (sekere metodes of waardes te evalueer, soos wat dit toegepas word in 'n sekere situasie).
Die *affektiewe domein* bestaan uit die volgende: die ontvang van inligting (om bewus te wees van iets in die omgewing), 'n reaksie (nuwe gedrag op 'n sekere ervaring toon), waardering (om 'n definitiewe verbondenheid te toon), organisasie (integrering van nuwe waardes in 'n vasgestelde waardestelsel) en karakterisering deur waarde (om konstante aksies te neem sodat die nuwe waarde sigbaar is in gedrag).
Laastens is daar die *psigomotoriese domein* waar dit gaan om die ontwikkeling van 'n spesifieke vermoë, byvoorbeeld om die spierkapasitieit van die leerders te ontwikkel en vir die leerders sekere vaardighede aan te leer, soos hand-oogkoördinasie (Woolfolk, 1995:480).

### 2.3.3.2 Kommunikasie as onderrigvaardigheid

Onderwysers wat voorsiening maak vir duidelike aanbieding en verduideliking van 'n leertaak skep 'n klimaat waar leerders met aandag kan luister en betrokkenheid behou

(Woolfolk, 1995:454). Duidelike verbale kommunikasie is 'n vereiste vir 'n gesonde klaskamerklimaat, want daardeur hoor die leerders wat die onderwyser sê en probeer die leerder sin maak uit dit wat belangrik is vir die spesifieke doel (Vreken, 1998:91). Effektiewe kommunikasie beteken ook dat onderwyser definisies het vir nuwe, onbekende terme, dat hy gebruik maak van baie relevante voorbeelde vir dit wat verduidelik word, dat hy die les in 'n logiese volgorde organiseer en ook dat hy raaksien watter verbale of skriftelike probleme leerders kan ondervind ten einde die les te verstaan. Die onderwyser sê aan die begin waaroor die les handel en hoe die leerders die les moet benader, hy maak duidelike sinteses tussen feite en konsepte en kies woorde wat aan die leerders bekend is (Woolfolk, 1995:455). Hy moet ook verby die leerder kyk en die kind ágter die leerder raaksien as iemand wat opgevoed moet word. Om leerders op te voed, moet die onderwyser die leerling se self-aktualisering begelei. Dié kommunikasieproses help dus om 'n samesyn tussen die leerkrag en leerders te bewerkstellig (Pretorius, 1998:228).

### 2.3.3.3 Vraagstelling as onderrigvaardigheid

Vraagstelling waar onderwysers vrae vra en leerders die antwoorde verskaf vorm deel van die algemene benadering van die onderwyser. Daar word tussen verskillende tipes vrae onderskei, naamlik konvergente en divergente vrae. Konvergende vrae (geslote vrae) is waar daar slegs een korrekte antwoord op 'n vraag is en devergende vrae (oop vrae ) is waar daar meer as een korrekte antwoord op die vraag is (Vreken, 1998:31). Hoë betrokkenheid is noodsaaklik om oop vrae te stel wat leerders se belangstelling en deelname prikkel. Wanneer vrae gevra word, moet na die volgende aspekte opgelet word:

- stel vrae duidelik, toepaslik en in goeie taalgebruik;
- stel eers die vraag en rig dit daarna aan 'n spesifieke leerder;
- pas die vrae aan by die doelwit wat die onderwyser wil bereik;
- versprei die vrae regverdig onder die leerders in die klas;
- neem die leerders se vermoë in ag wanneer vrae gevra word;
- vermy te veel vrae (Vreken, 1998:3);

- wag drie tot vyf sekondes na elke vraag ( Tauber, 1995:239);
- maak gebruik van verskillende tipes vrae ( feitlike, kennis- en verstaanvrae) (Vreken, 1998:35);
- wees suinig met die beloning van die korrekte antwoord;
- luister met aandag na leerders se reaksies op die vraag (Woolfolk, 1995:460).

Indien vrae op hierdie wyse gestel word, sal dit leerders se deelname verhoog en leer optimiliseer.

### 2.3.3.4 Motivering as onderrigvaardigheid

Motivering is 'n interne geestestoestand wat gedrag wek, rig en laat volhou. Ekstrinsieke motivering is wanneer 'n taak uitgevoer word ten einde 'n beloning of 'n punt te verdien, of om straf te vermy. Nie die aktiwiteit is nie, maar die voordeel daarvan is wel van primêre belang. Intrinsieke motivering is die natuurlike geneigdheid om persoonlike belange na te streef en vermoëns te gebruik en sodoende in die proses uitdagings te soek en te aanvaar. Die taak/aktiwiteit is op sigself lonend of bevredigend (Kapp, 1990:318).

Daar is sekere voorwaardes vir motivering in die klaskamer, naamlik:

- die klaskamer moet redelik georganiseerd wees sonder dat daar konstante inbreuk op gebeure gemaak word;
- die onderwyser moet geduldig wees en ondersteuning aan die leerders bied;
- die werk moet uitdagend wees, maar steeds op die leerders se vlak;
- die leertaak moet outentiek wees (De Wet, Van Zyl & Du Toit, 1980:94).

Om positiewe verwagtings en selfvertroue by leerders te kweek, is dit belangrik dat die onderwyser op die vlak van die leerders begin werk, die leerdoelwitte duidelik stipuleer, leerders met hulself vergelyk, as 'n rolmodel dien tydens probleemoplossing en met leerders kommunikeer sodat hulle hul akademiese vermoë kan verbeter (De Wet, Van Zyl & Du Toit, 1980:96).

'n Gesonde klaskamerklimaat word geskep as daar aan al hierdie motiveringsaspekte voldoen word.

### 2.3.3.5 Vaardigheid in die beoefening van direkte onderrig

Tydens direkte onderrig is die onderwyser die hoofbron wat kennis aan die leerders oordra. Rosenshine (1977) het ses onderrigfunksies geïdentifiseer. Hiervolgens fasiliteer die onderwysers leergeleenthede vir leerders deur vrae te vra sodat die leerders die kennis kan internaliseer. Die ses onderrigfunksies word in drie fases verdeel. Die eerste fase, nl. *die aanbiedingsfase* is waar die onderwyser die vorige dag se werk hersien en kontroleer ten einde misverstande te voorkom of onduidelikhede uit die weg te ruim (Slavin, 1991:287). Daarna word die nuwe materiaal (die doelwitte) bekend gestel en onderrig geskied hierin deur kleiner stappies met baie toepaslike voorbeelde.

Fase twee is die *begeleidingsinoefeningsfase* waar vrae aan leerlinge gevra word oor die leertaak en praktiese probleme opgelos moet word. Daar word voortdurend gelet op moontlike miskonsepsies. Heronderrig vind in sulke gevalle plaas totdat ongeveer tagtig persent van die vrae korrek beantwoord word.

Die derde fase is die *selfstandige inoefeningsfase* waar 'n onafhanklike oefening aan leerders gegee word wat hulle self tuis moet voltooi (Slavin, 1991:287). Konsolidering van dit wat geleer is, vind maandeliks of weekliks deur middel van toetse plaas. Die effektiewe aanwending van direkte onderrig kan 'n bydrae lewer tot 'n gesonde klasklimaat, mits die onderwyser buigsaam is en bereid is om nuwe benaderings te volg as die beplande strategieë nie slaag nie (Woolfolk, 1995:465).

Direkte onderrig is volgens Slavin (1991:286), effektief by die aanleer van Wiskunde en basiese lees-onderrig. Wanneer dit egter kom by onderrig van ander vakke word direkte onderrig nie aanbeveel nie.

#### 2.3.3.6 Fasilitering van koöperatiewe leer as onderrigvaardigheid

Navorsing het getoon dat 'n komplekse leertaak en probleemoplossingsvaardighede die beste deur koöperatiewe leer bemeester word (Johnson & Johnson, 1985:249). Koöperatiewe leer verbeter die leerder se vermoë om die wêreld uit 'n ander leerling se oogpunt te sien. Dit bewerkstellig beter verhoudings tussen die verskillende etniese groepe in die klaskamer, verhoog leerders se eiewaarde en daar is 'n groter aanvaarding van gestremdes of onderpresteerders.

Koöperatiewe leer is leer wat plaasvind waar leerders met gemengde vermoëns in groepe saamwerk en verantwoordelik is vir mekaar se leer (Slavin, 1991:287). Hierdie tipe leer lewer 'n groot bydrae tot 'n gesonde klasklimaat deurdat

- leerderbetrokkenheid bewerkstellig word;
- daar na ander se idees geluister word;
- hulpverlening aan mekaar gebied word;
- kritiese denke bevorder word;
- probleemoplossingsvaardighede beoefen word;
- prestasie deur 'n groep bevorder word sodat die groepslede se selfbeeld verbeter en 'n aangename leeromgewing deur koöperatiewe leer geskep word (Woolfolk, 1995:350);
- leerders deur groepwerk gemotiveer word;
- konstante leer plaasvind tydens koöperatiewe leer (Slavin, 1991:381).

Die onderwyser se rol is om leerders in heterogene groepe van vier of vyf lede, met verskillende vermoëns in te deel. Die onderwyser is die hele tyd teenwoordig en soos wat daar tussen die groepe deurbeweeg word, word die interaksie tussen leerders waargeneem en word die koöperatiewe doelstruktuur aan die groepe verduidelik. Wanneer die tyd verstreke is, word die eindproduk van die groepe geëvalueer (Woolfolk, 1995:350).

#### 2.3.3.7 Die fasilitering van ontdekkende leer as onderrigvaardigheid

Ontdekkende leer is waar leerders alleen werk om basiese beginsels te ontdek. Tydens ontdekkende leer word die leerders se nuuskierigheidsvlak verhoog, word hulle gemotiveer om aan te hou werk en leer hulle probleemoplossingsvaardighede sowel as kritiese denkvaardighede aan (Slavin, 1991:228). Daar is drie fases in ontdekkende leer waardeur leerlinge beweeg om informasie te leer en te onthou.

- Die *bepalingsfase* is waar die leerder die wêreld verstaan en weergee. Dit geskied wanneer die leerder die leermateriaal manupileer en daarop reageer.
- Die *beeldbeskrywingsfase* is waar die leerder die wêreld in visuele voorstellings weergee .
- Die derde fase is die *simboliese fase* waar leerders in staat is om abstrakte idees, simbole, taal en logika te gebruik om die wêreld te beskryf. Só heg hulle ook logiese en abstrakte idees aan die materiaal wat geleer moet word (Woolfolk, 1995:321).

Wanneer die leerders deur hierdie drie fases beweeg het, sal hulle 'n onderwerp beter verstaan en onthou. Leerders wat gemotiveerd is en deelneem aan die ontdekking van projekte deur ontdekkende leer toe te pas, ervaar dat effektiewe leer plaasgevind het. Leerders leer meer uit dit wat hul sien en doen as deur lesaanbiedings oor 'n sekere aspek (Slavin, 1991:228).

Om ontdekkende leer suksesvol te laat verloop, vereis spesiale materiaal en voorbereidings wat nie noodwendig sukses verseker nie. Dit is belangrik dat leerders basiese kennis moet besit en probleemoplossingstrategieë moet aanwend wanneer ontdekkende leer gedoen word. Leerders kan gefrustreerd raak wanneer hulle nie die kennis en vaardighede het nie en in plaas daarvan om te leer, speel hulle met die materiaal. Kritici glo dat ontdekkende leer oneffektief is en moeilik is om suksesvol te organiseer; daarom beveel hulle eerder ander metodes van leer aan (Woolfolk, 1995:321).

Dit is egter belangrik om van die verskillende onderrigvaardighede soos direkte onderrig, koöperatiewe leer, vraagstelling en ontdekkende leer gebruik te maak. Sodoende kan

eentoningheid en verveeldheid vermy word wat op sy beurt weer ontwrigtende gedrag verhoed.

## 2.4 UITKOMSGERIGTE ONDERWYS EN DIE KLASKLIMAAT

Uitkomsgerigte onderwys (UGO) handel oor die uitkomste wat die leerders aan die einde van elke leerfase moet kan demonstreer. Die kurrikulum is nou op uitkomste gerig en bepaal die bevoegdhede wat die leerders moet bemeester (Steyn, Steyn & De Waal, 1997:74). Die klassituasie lyk nou soos volg tydens uitkomsgerigte onderwys.

- Die onderwysers dien as fasiliteerders vir leerders wat in groepe saamwerk, omdat leerders inligting self moet ontdek.
- Leerders word nou deurlopend geëvalueer en dit beteken dat toetse en eksamens verval, behalwe aan die einde van grade 9 en 12 waar daar komprehensiewe, eksterne evaluering sal plaasvind.
- Verskillende tipes kennis en relevante kennis (wat met die werklikheid verband hou), word geïntegreer en in UGO beklemtoon.
- Leerders is verantwoordelik vir hul eie leer, maar lewer terugvoer aan die onderwysers.
- Leerders leer teen hul eie tempo.
- Leerders ontgin en interpreteer inligting self terwyl die onderwyser asfasiliteerder optree.
- Leerders leer om aspekte te bevraagteken (kritiese denke), te evalueer en standpunte te vorm (redenering, evaluering).
- Die kennis wat die leerder verwerf het, word as die uitkomste gesien en die onderwysers gebruik die sillabus nou net as 'n gids wanneer hulle op 'n fasiliterende wyse die leerders bystaan om te leer (Steyn, Steyn & De Waal, 1997:78).

Dit blyk hieruit dat die doel van onderrig dus is om leer te fasiliteer. Vaardighede wat verwerf moet word soos probleemoplossing, kritiese denke ensovoorts is vaardighede wat die leerder in sy/haar volwasse lewe sal kan gebruik.

Belangrike faktore wat tydens die onderrig proses 'n rol speel, is **beplanning** – waartydens bepaal word wat die leerders gaan leer, **kommunikasie** – wat dui om die wyse van hoe die leermateriaal aan die leerders oogedra word: **Vraagstelling** – wat gebruik word om die leerders se kennis te toets, onduidelikhede aangaande 'n spesifieke onderwerp te identifiseer en verantwoordelik is vir evaluering aangaande 'n spesifieke tema of onderwerp. Laastens **motivering** waartydens leerders gemotiveer word om hul persoonlike belange en vermoëns te gebruik om uitdagings te soek en te aanvaar.

Die verskillende onderrigmodelle is ook van kardinale belang tydens die onderrigproses. Deur van verskillende onderrigmodelle gebruik te maak, dra dit nie alleen by tot die motivering van die leerders nie, maar hou dit ook die onderrigsituasie interessant wanneer van verskillende wyses gebruik gemaak word om kennis en vaardighede by die leerders tuis te bring. Daar is gesien dat direkte onderrig effektief is by die aanleer van wiskunde en basiese leesvaardighede. Koöperatiewe leer word gebruik om probleem-oplossingsvaardighede te beoefen en om interaksie tussen die leerders te bewerkstellig omdat dit groepwerk vereis. Ontdekkende leer is waar leerders alleen werk om basiese beginsels te ontdek. Hierdeur vind leer voortdurend plaas. Dit is egter belangrik dat leerders oor basiese kennis en vaardighede moet beskik wanneer ontdekkende leer toegepas word, ten einde hierdie onderrigmodel suksesvol toe te pas.

Met uitkomsgerigte onderwys (UGO) word koöperatiewe leer en ontdekkende leer hoog aangeskryf. Tydens UGO vervul die onderwyser die rol van 'n fasiliteerder en dien nie meer as hoofbron wat kennis bekendstel aan die leerders nie. Relevante kennis (wat verband hou met die werklikheid) word hoog aangeskryf. Leerders is verantwoordelik vir hul eie leer deur aspekte te bevraagteken, te evalueer en standunte te vorm. Die sillabus dien as gids vir die onderwyser om die leerders op 'n fasiliterende wyse by te

staan. Die kennis, insig en vaardighede wat leerders verwerf het, word as uitkomste gesien wat bepaal of die leerder na die volgende vlak kan beweeg al dan nie.

Die implikasies wat UGO vir klasklimaat inhou is dat 'n klimaat geskep sal moet word waar leerders aktief betrokke is, taakgerig werk na bepaalde uitkomste toe, geborge voel om met vrymoedigheid aan groepwerk deel te neem, 'n hoë mate van selfverantwoordelikheid aanvaar asook verantwoordelikheid vir die vordering van die klasgroep.

'n Gesonde klasklimaat word bewerkstelling wanneer daar aan al hierdie aspekte aandag gegee word. Daardeur word leer, sosiale interaksie en motivering tot stand gebring wat alles 'n bydrae lewer tot die optimale ontwikkeling van die leerder se potensiaal.

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die vereistes vir 'n gesonde klasklimaat en watter faktore 'n bydrae hiertoe lewer. Die drie fundamentele faktore wat afsonderlike bespreek is, is die fisiese-, sosiale- en onderrigleer faktore.

'n Belangrike aspek wat tydens die hoofstuk na vore gekom het en van groot waarde is vir enige klaskamer is die feit dat die klaskamer 'n mikrokosmos is van die sosiale konteks waarbinne die staat, die kerk en die gesin met sy eie kultuur, tradisies, norme en waardes gereflekteer word en dit bepaal die karakter van die klas.

Daar is verder ook na verskillende tipes onderrigvaardighede gekyk wat vir die daarstelling van'n gesonde klaskamerklimaat belangrik is. Met uitkomsgerigte onderwys het die rolle van die onderwyser verander deurdat die onderwyser nou 'n fasiliterende rol vervul. Die leerders is nou op hulself aangewese en verantwoordelik vir hul eie leer. Die sillabus dien nou net as gids vir die fasilitering van die leerders. Koöperatiewe leer word hoog aangeskryf tydens UGO wat die kreatiwiteit van leerders inskerp . Dit alles het belangrike implikasies vir die klasklimaat wat geskep moet word.

Die basiese vereistes vir 'n gesonde klaskamerklimaat is 'n goeie leerder-onderwyserverhouding en leerder-leerderverhouding waar respek en goeie kommunikasie plaasvind, asook gesag en dissipline regverdig toegepas word.

Noudat daar bepaal is watter faktore 'n bydrae lewer om 'n gesonde klaskamerklimaat te bewerkstellig, sal daar in die volgende hoofstuk gekyk word hoe ontwrigtende gedrag in die klaskamer werkstres by die onderwyser veroorsaak